Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

22 MAART 2020

# GEMEENTEBULLETIN

## MAATREËLS AANGAANDE DIE KORONAVIRUS

In solidariteit met die wêreldkrisis asook die noodtoestand wat vir Suid-Afrika afgekondig is, staak alle gemeentebyeenkomste, insluitend eredienste, tot Dinsdag14 April 2020 waarna die situasie weer geëvalueer sal word. Leraars doen wel steeds huisbesoeke indien lidmate behoefte daaraan het. Kontak gerus die kerkkantoor om besoeke te reël.

Begrafnisse en troues word op individuele basis met die betrokkenes gereël.Volledige besonderhede is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

## KYK NA PREKE IN JOU EIE HUIS

Skakel via www.stellenberg.co.za in om na vandag en die volgende drie Sondae se preke te kyk. Die skakel na die preke is ook op die gemeente se Facebook-blad beskikbaar, of stuur jou selnommer per WhattsApp na 083 611 4720 indien jy die skakel op jou selfoon wil ontvang.

Datum: Sondag 22 Maart — Prediker: Ds. René Potgieter.

Tema: Lydensbeker — Skrifgedeelte: Matteus 26:36-46.

## ONDERSTEUNING COVID-19 GEAFFEKTEERDES

Ons is bekommerd oor lidmate wat alleen woon en moontlik in selfisolasie moet gaan. Indien jy bereid sou wees om sulke lidmate te ondersteun deur die aankoop en aflaai van kruideniersware of medikasie, stuur asb. jou kontakbesonderhede aan karin@stellenberg.co.za. Lidmate wat praktiese hulp benodig, moet asb. die kerkkantoor by 021 976 4519 kontak.

### FINANSIëLE BYDRAES

Gebruik die Snap-Scan-toepassing, of maak elektroniese oorbetalings om bydraes tot die kerk se werksaamhede te maak.

Bankbesonderhede

ABSA-tjekrekening: 145 058 0011

Takkode: 632005

Verwysing: Maandelikse bydrae

## FEESMARK 2020

Feesmarkaansoeke is nou oop. Doen gerus aansoek d.m.v. ons aanlyn aansoekproses deur www.stellenberg.co.za te besoek. Die sluitingsdatum vir aansoeke is Maandag 20 April 2020.

## KERKKANTOOR

Die kerkkantoor is gedeeltelik oop. Ons verkies dat lidmate nie die kerkkantoor besoek nie, maar ons eerder telefonies kontak. Kontak gerus die kantoor indien u enige navrae het, of behoefte het om 'n leraar te spreek

Kontak ons telefonies by 021 976 4519/navrae@stellenberg.co.za.

Plaas gerus kontantbydraes in die posbus langs die kerkkantoor se deur. Die posbus is gesluit, bydraes sal dus veilig daarin wees. Aan die bokant van die posbus is 'n deksel wat opgelig kan word. Daarin sal harde kopieë van die Stellenberger, die bulletin, die onlangse skrywe aan die gemeente asook die Ons glo-Bybelstudiehandleiding geplaas word. Jy kan gerus enige van die dokumente daar afhaal.

## ANNIBRAND JUNIORS

Ons weet die tuisbly-dae kan lank raak daarom het tannie Brenda 'n slim plan beraam. Sy het lekker doen-dinge uiteengesit, waardeur julle ook sommer interessante goed oor die Bybel sal leer. Vra vir Mamma of Pappa om jou te help om die pretaktiwiteite van die webwerf (www.stellenberg.co.za) af te laai, of laai dit self af. Op die werbwerf se tuisblad is 'n blokkie "Annibrand Juniors". Kliek daarop en laai dan die skattejagbladsy af. Sê vir kleinsus en kleinboet hulle moet dit saam met jou aanpak. Neem vir ons 'n foto van julle skattejagpret en stuur dit na 083 611 4720.

## HUISGELOOF VIR GESINNE

Gesinne kan weekliks Bybelstudiedagstukkies wat vir huisgodsdiens benut kan word, van die webwerf aflaai. Besoek www.stellenberg.co.za. Kliek op die "Annibrand Juniors" blokkie op die tuisblad.

### KATEGESE

Katgese sal eers weer op Sondag 19 April, die Sondag na die heropening van die skole, hervat. Omstandighede rakende die koronavirus word deurlopend geëvalueer en sou dit nodig wees om die aanbied van kategese verder uit te stel, sal ouers betyds ingelig word.

### GEMEENTENUUS

Stuur 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za om die Bulletin, Samaritaan en Stellenberger per e-pos te ontvang, of WhatsApp jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die Bulletin en Samaritaan op jou selfoon te ontvang.

.

## LYDENSTYDPROGRAM

- Kyk elke Sondag na die erediens wat via die internet uitgesaai word. Besoek www.stellenberg.co.za, of Stellenberg- gemeente op Facebook om die skakel na die uitsending te kry.
- Werk op jou eie of saam met jou gesin die Ons glo-Bybelstudiegids deur. Daar is harde kopieë in die deksel van die posbus langs die kerkkantoor se voordeur beskikbaar, of laai die handleiding af by www.stellenberg.co.za.
- Nagmaal op Donderdagaand 9 April word ook via die internet uitgesaai. Ons sal saam in die virtuele ruimte nagmaal gebruik.
- Erediens op Vrydagoggend 10 April word ook uitgesaai.
- Paasdiens met nagmaal op Sondag 12 April word ook uitgesaai.

## BYBELSKOOL

**Hoe is God vandag by ons? Die aartsvaderverhale.**

Die aartsvaderverhale in Genesis 12 - 50 vertel hoe God se nabyheid dié mense en hulle leefwêreld, te midde van korrupsie, familiekrisisse, ekologiese rampe, asook politieke en ekonomiese onsekerheid, geraak het. Kom reis in die vyfweekkursus saam met Abraham, Isak en Jakob en ontdek hoe nou verweef God in die werklikheid van ons daaglikse bestaan is.
Aanbieder: Ds. Marius Breytenbach. Datums: Dinsdag 14, 21, 28 April, asook 5 en 12 Mei. Tyd: 19:00-20:30. Koste: R30.

**Ons neem voorlopig inskrywings vir die kursus. Sou dit nodig wees om die aanbieding van die kursus te kanselleer sal alle aanbiedings opgeneem word en op die gemeente se webwerf opgelaai word.**

Inskrywing by Karin Barter 021 976 4519/karin@stellenberg.co.za

### GEDAGTE VIR DIE DAG

*And the people stayed home.*
*And read books and listened, and rested and exercised, and made art and played games,*
*and learned new ways of being, and were still.*
*And listened more deeply.*
*Some meditated, some prayed, some danced.*
*Some met their shadows.*
*And the people began to think differently.*

*And the people healed.*
*And, in the absence of people living in ignorant, dangerous, mindless and heartless ways, the earth began to heal.*

*And when the danger passed, and the people joined together again, they grieved their losses, and made new choices, and dreamed new images, and created new ways to live and heal the earth fully, as they had been healed.*

Skrywer: onbekend

## ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

Maak seker dat jy al die gemeentenuus elektronies ontvang. Stuur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za om die Bulletin en Samaritaan weekliks en die Stellenberger maandeliks te ontvang. Om die Bulletin en Samaritaan weekliks op jou selfoon te ontvang, stuur 'n WhatsApp na 083 611 4720.

## MET LEEDWESE

Ons innige simpatie met die familie van lidmate van wie ons in die afgelope week afskeid geneem het:

- Mercia Joan Pienaar, gebore 22/09/1930 en oorlede op 14/03/2020. Sy was sedert 1976 'n lidmaat van Stellenberg-gemeente en het in Raphaelsingel 4 gewoon. Haar roudiens was op Donderdag 19 Maart om 11:00 in die kapel.
- Gert Wilhelm Zeelie, gebore 17/07/1939 en oorlede op 14/03/2020. Gert was sedert 2004 'n lidmaat van die gemeente en het in Summerwoodweg 56, Pinehurst, gewoon. Sy roudiens is op Donderdag 19 Maart om 14:00 in die kapel gehou.

## TOEGANG TOT PREKE

- Kyk na preke op die gemeente se webwerf: www.stellenberg.co.za. Die skakel na die beeldmateriaal is op die voorblad van die webwerf.
- Luister na die preke se klankbaan via www.stellenberg.co.za. Gaan na "Eredienste" en selekteer dan die opsie: luister na preke.
- Lees die preek aanlyn op www.stellenberg.co.za, of kom haal 'n harde kopie van die preek se teks by die kerkkantoor af. Die preek se teksgedeelte word ook elektronies saam met die bulletin versend.

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

STELLENBERG-GEMEENTE

SNAPSCANKODE